# Kom klim Oppivlerk!

**Rustenburg** – Bergsig Akademie het 'n reuse kultuurweek, genoem Oppivlerk, tussen 15-19 Mei 2017 gehou waaraan al die personeel en leerders deelgeneem het.
Elke klas het hul gunsteling lied gekies en opgevoer, met gepaste kleredrag en choreografie! Die verskeie graadgroepe het teen mekaar deelgeneem en me Shana Grobbelaar, mnr Tinus Vosloo en me Monica Breedt was die beoordelaars.
Hiermee die wenners van elke graad: graad 8G by me Rachelle Rademeyer, graad 9H by me Emmerika van der Walt, graad 10H by me Lenize Britz, graad 11A by me Lizette Schoeman en graad 12D by mnr Pedro Zwemstra.


*Die graad 8G groep by me Rachelle Rademeyer.*


*Die graad 9H groep by me Emmerika van der Walt.*

# LET'S DANCE!

**Rustenburg** – Students of the Lesammi Arts Academy, from the Small Kings & Queens pre-primary school and primary learners from Sacred Hearts, are hard at work readying for a dance competition later this year at Sun City in August.
On Wednesday, 24 May 2017, the kids had great fun preparing! They will be competing in freestyle, ballroom and Latin and show-dance categories.
Their trainer, Sammy Malinga, founder of Lesammi Arts Academy, is confident that they will do well. For more information, contact 063-165 4783.



# Dikwena outplayed in Tunisia

**Rustenburg/ Phokeng** – The Platinum Stars continued with their winless streak in the CAF Confederation Cup following a 3-0 defeat by CS Sfaxien on Sunday night, at Stade Taeeb Mhiri Stadium in Tunisia on 4 June. Dikwena is at the bottom of Group B with only one point while Sfaxien is in the lead with six points.
The home side made a dominating start which saw them take an early lead through Kingsley Sokari in the 11th minute into the game.With the Tunisians giving Platinum Stars a tough time throughout the game they netted two more goals to end the match with a 3-0 victory.
With only 3 matches left in the group stages, Dikwena is in danger of facing eliminations from the CAF Confederation Cup.

Catch them as they welcome CS Sfaxien on the CAF Confederation Cup match on Wednesday evening, 21 June 2017. Kick-off is at 19h00.

# Impala Rugby Klub toer na Botswana

**Rustenburg** – Die Impala Rugby Klub het onlangs, Saterdag 3 Junie 2017, 'n suksesvolle toer na Botswana onderneem. Die toer was 'n lekker spanbou avontuur waar die span op Gabarone se harde en stowwerige veld moes speel, maar darem as wenners uit die wedstryd getree het met 'n telling van 69-12.
Leon du Plessis, Impala se 8ste man, Aubrey Macdonald en Percy Williams, die skrumskakel, het elk 2 drieë gedruk en is gesamentlik as man van die wedstryd aangewys.
Impala speel ook eerskomende naweek, 10 Junie 2017, teen die Centurion Rugbyklub te Rustenburg. Die wedstryde vind soos volg plaas: 13h00 speel die 3de span, 14h30 die 2de span Vikings en die Newrak Impala Eerste span speel om 16h00.
Centurion is die voorloper in die Carlton liga en Impala lê tans 3de op die *log*. Dit beloof om 'n spannende wedstryd te wees.
"Ons nooi almal uit om ons te kom ondersteun die naweek. Hier is lekker kos in die kombuis en altyd 'n koue biertjie by die rugbyklub," sê Naas Olivier, Newrak Impala Rugby klub besigheidsbestuurder.
Enige iemand wat by die Rustenburg Impala klub wil aansluit, is meer as welkom om hoofafrigter, Nico Le Roux, te kontak by 073-177 8299.
Oefentye is Maandae, Dinsdae en Donderdae om 18h00-19h30. Enigeen is ook meer as welkom om die manne tydens oefening te kom ondersteun. Kom loer gerus!

# Superrugby 2017 Week 15

**Blues vs Reds**
Die Blues moes hard werk vir die oorwinning in Apia, Samoa. Hulle wen 34-29 danksy die heelagter Melani Nanai wat die Blues se wendrie in die doodsnikke gaan druk het. Die Reds speel dan eers weer op 7 Julie teen die Brumbies.
Die Blues se volgende *game* is 15 Julie teen die Sunwolves in Tokio. Die Blues het ook intussen 'n geskiedkundige oorwinning oor die Britse en Ierse Leeus span behaal op Eden Park en wen 22-16.

**Crusaders vs Highlanders**
In Christchurch was duisende toeskouers getrakteer met skitterspel wat op 'n dramatiese wyse gewen word deur die Saders, met 25-22. Kortliks, met 2 minute oor, misluk die plaasvervanger losskakel van die Saders 'n redelike maklike strafdoel en die eindtelling is steeds 22 elk.
Na twintig fases en drie minute na die sirene geskreeu het, kry Mitchell Hunt die bal. Hy is dieselfde mannetjie wat die boef is na sy mislukte strafdoel poging, en behaal een van die beste skepskoppe ooit op die planeet aarde.
'n Woeste 45 meter vêr en sowat sewe meter van die kantlyn af, skitterend ou grote! En daarmee is die Saders steeds onoorwonne!
Die Crusaders speel volgende 'n *friendly* teen die Britse Leeus op 10 Junie in die AMI Stadium. Die Highlanders speel ook teen die Briste Leeus en die *game* is 13 Junie op Forsyth Barr stadion.
In *Superruggas* speel die Saders hulle laaste game op 15 Julie in Wellington teen die Hurricanes. Die Highlanders op hulle beurt draf teen die Reds uit in Dunedin.

**Chiefs vs Waratahs**
In Hamilton klop die Chiefs die Waratahs 46-31 in 'n goeie *game* ruggas wat tien drieë insluit. Die Chiefs speel volgende teen die Hurricanes in Wellington in 'n Kiwi riller. Die Chiefs speel op 20 Junie teen die Britse Leeus in Waikato.

**Brumbies vs Rebels**
Die Brumbies klop die Rebels 33-3 in Canberra en wen ook dan daarmee die Aussie Konferensie. Die Brumbies speel op 7 Julie teen die Reds in Brisbane met die Rebels wat teen die Force in Perth gaan uitdraf.

**Force vs Hurricanes**
Die Canes klop die Force op 'n drafstap 34-12 in Perth. Die Force speel volgende teen die Rebels op 7 Julie in Perth. Die Canes draf volgende teen die Chiefs uit, wat baie belangrik is om te bepaal wie die tweede plek na die Crusaders gaan inneem vir die uitspeel rondte. Die Canes speel ook dan teen die Britse Leeus 27 Junie.

Superruggas skop dan weer op 30 Junie af. Die Haaie en die Bulle speel in Durban.

**Nag ou grote…**

**Internasionale bepalings op 10 Junie**

- Australië vs Fidji 07: 00
- Japan vs Romania 07:40
- Italië vs Skotland 14:00
- Suid Afrika vs Frankryk 17:00
- Argentinië vs Engeland 21:15

**Nag ou groene...**

Send your event listing to news@platinumweekly.co.za ** Free Placement!

# PLATINUM EVENT DIARY

| EVENT NAME | DATE | VENUE | CONTACT NO | EMAIL / WEBSITE |
|---|---|---|---|---|
| Jaar- en Ledevergadering van Grace Outreach Gemeenskapsvereniging | 9 Jun '17 | RTB: Basileia Hulpsentrum, Maraisstraat 66 | 083-455 7796 | erina.nbr@gmail.com |
| Rustenburg OVALS Racing! | 10 Jun '17 | RTB: Show Grounds | 071-638 2470 | wendy.kinnear33@gmail.com |
| Rustenburg CPF Youth Day Boeresport for the Youth of Rustenburg | 16 Jun '17 | RTB: David Brink Primary | 061-002 0820 | www.rustenburgcpf.co.za |
| Colour Run | 16 Jun '17 | RTB: Hoërskool Rustenburg | 014-592 1365 | skakel@hsrtb.co.za |
| Dads get a free haircut, free coffee! | 17 Jun '17 | RTB: Lifestyle Square | 014-592 0862 | maylene@thesquarecentre.co.za |
| Breakfast of Champions for the Kingdom Kids Foundation | 17 Jun '17 | RTB: Safari Lodge Hotel | 083-383 8124 | refilwe@kingdomkidsfoundation.com |
| CPF March against Violence against Women & Children | 17 Jun '17 | RTB: Bobbies Rugby Club (assembly point) | 071-175 2804 | www.rustenburgcpf.co.za |
| CPF Sector 2 Community meeting | 24 Jun '17 | RTB: WA Van Zyl Hall | 072-907 0844 | public@rustenburgcpf.co.za |
| Piet Pompies | 24 Jun '17 | RTB: Windgatsaal | 083-700 4168 | gerald.allround@mweb.co.za |